

Publication: Eikestadnuus (Sport)
Publication Date: 26 Apr 2018
Page: 24

AVE: 4235.00
Circulation: 4348
Part: 1 of 1

# Varsity-hokkie wil rugby dit nadoen

**Met die Varsitybeker-rugbyreeks wat nou agter die rug is, verskuif Maties Sport se fokus na die Varsityhokkie-reeks wat aanstaande naweek in Johannesburg begin.**

Vanjaar is dit Maties se manshokkiespan se beurt om aan die reeks deel te neem.

Die span se rekord in die vorige twee toernooie waaraan hy deelgeneem het, lees "eindstryd" en "halfeindstryd".

Die Maties se vrouespan het verlede jaar in die eindstryd teen Tuks gespeel.

Die Westelike Provinsie se Grootuitdaagliga het reeds begin en Maties het tot dusver al drie sy wedstryde gewen.

Geen wedstryde sal by die Coetzenburg-astro plaasvind nie weens die droogte en waterbeperkings wat verhoed dat die splinternuwe astroveld gereeld water kry.

Die eerste ronde, die naweek van 4 tot 7 Mei, is by Wits in Johannesburg. Die tweede naweek, wat die halfeindronde insluit, is van 11 tot 14 Mei in Pretoria by Tuks.

Die Universiteit van Johannesburg is die tweemalige verdedigende kampioen in die mansreeks. Die eindstryd word Maandag 21 Mei gespeel.

Maties begin sy aanslag op die titel met 'n wedstryd teen die Madibaz. Verskeie spelers het reeds Varsity-hokkie-ervaring, maar Maties sal vanjaar 'n paar jongelinge moet inspan.

Bitter min van die spelers wat in 2016 vir Maties in aksie was, is nog deel van die span. Van die spelers wat ervaring in dié soort kompetisie het, sluit in Keenan Horne, Alex Stewart, Luke Schooling en Dayne Samboer.

Horne is Maties se mees ervare speler en dit sal sy derde Varsityreeks wees. Hy het ook pas teruggekeer van Australië waar hy Suid-Afrika by die Statebondspele verteenwoordig het. Horne was die Suid-Afrikaanse kaptein in die span se laaste wedstryd van die Spele.

Met die Maties se rugbyspanne wat geskiedenis gemaak het deur die eerste keer nog die Young Guns-kompetisie en die klub se vierde Varsitybeker te wen, sal die hokkiemanne ook 'n bydrae tot 'n geskiedkundige 2018 – die Universiteit Stellenbosch se eeufeesjaar – wil lewer.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.